basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERING

GRAAD 6

AFRIKAANS HUISTAAL

STEL 3: 2012 MODELVRAE

RIGLYNE BY DIE GEBRUIK VAN JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERINGSVOORBEELDE (ANA)

1. Algemene oorsig

Die Jaarlikse Nasionale Assessering (ANA) is 'n summatiewe assessering van die verwagte kennis en vaardighede wat leerders aan die einde van graad 1 tot 6 en graad 9 moes ontwikkel het. As hulpmiddel vir die skoolgebaseerde assessering en om te verseker dat leerders die nodige selfvertroue ontwikkel om suksesvol deel te neem aan eksterne assessering, het opvoedkundige panele en vakspesialiste voorbeeldvraestelle ontwikkel wat onderwysers vir Taal- en Wiskunde-onderrig kan gebruik. Die voorbeeldvraestelle is ontwikkel, gebaseer op die kurrikulum wat oor die eerste drie kwartale van die skooljaar strek. Daar is ook 'n volledige Jaarlikse Nasionale Assesseringsmodeltoets (ANA) vir elke graad. Die voorbeeldvraestelle, insluitend die modeltoets, is aanvullend tot die skoolgebaseerde assessering wat leerders deurgaans moet voltooi en vervang nie die skoolgebaseerde assessering nie.

2. Die struktuur van die voorbeeldvraestelvrae

Die voorbeeldvraestelle is ontwerp om verskillende tegnieke of style te illustreer om dieselfde vaardighede en/of kennis te assesseer. Spesifieke inhoudkennis of 'n vaardigheid kan byvoorbeeld geassesseer word deur 'n meervoudigekeuse-vraag (waar leerders die beste antwoord uit die gegewe opsies kies) of 'n stelling (wat van die leerder vereis om 'n kort antwoord of 'n paragraaf te skryf) of ander soorte vrae (wat leerders vra om gegewe woorde/stellings met lyne te verbind, om gegewe sinne of patrone te voltooi, om hulle antwoorde met tekeninge of sketse te toon, ens.). Onderwysers en leerders sal dus 'n aantal voorbeeldvraestelvrae kry wat verskillend gestruktureer is, maar wat dieselfde spesifieke inhoud en vaardigheid teiken. Blootstelling aan 'n groot verskeidenheid vraagstellingstegnieke of -style gee leerders die nodige selfvertroue om op verskillende toetsitems te reageer.

3. Verband met ander leer- en onderrigbronmateriaal

Sommige teksgedeeltes en vrae word doelbewus vir integrering met die graadverwante werkboeke verbind. Die voorbeeldvraestelle voldoen ook aan die vereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV), graad R tot 12, die Nasionale Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklarings (NKABV) vir die onderskeie grade en die Nasionale Protokol vir Assessering. Hierdie dokumente, saam met ander dokumente wat deur 'n skool voorsien kan word, sal 'n ryk bron van bronmateriaal vorm wat onderwysers in staat sal stel om lesse te beplan en om formele assessering uit te voer.

4. Hoe om die voorbeeldvraestelle te gebruik

Alhoewel die voorbeeldvraestelle vir die verskillende grade en vakke as 'n omvattende stel saamgestel is, hoef die leerders nie op die hele stel in een sessie te reageer nie. Die onderwyser moet toepaslike voorbeeldvrae kies wat deel vorm van die beplande les. Sorgvuldig geselekteerde individuele voorbeeldvrae of 'n hanteerbare groep vrae kan tydens die verskillende stadiums van die onderrig- en leerproses soos volg gebruik word:

4.1 Aan die begin van 'n les as 'n diagnostiese toets om leerders se sterk en swak punte vas te stel. Die **diagnose** moet lei tot onmiddellike **terugvoer** aan leerders en **geskikte lesse** moet ontwikkel word om aandag te gee aan die geïdentifiseerde swak punte en om die sterk punte uit te bou. Die diagnostiese toets kan as tuiswerk gegee word om nie onderrigtyd in die klaskamer te verloor nie.

4.2 Gedurende die les as kort, informatiewe toetse om te assesseer of leerders die veronderstelde kennis en vaardighede ontwikkel soos wat die les verloop en om seker te maak dat geen leerder agter raak nie.

4.3 By die voltooiing van 'n les of reeks lesse as 'n summatiewe toets om te assesseer of die leerders voldoende begrip het en of hulle die kennis en vaardighede in die voltooide les(se) kan toepas. Spoedige terugvoer aan leerders is noodsaaklik, sodat die onderwyser kan vasstel of daar dele van die les(se) is wat weer behandel moet word om spesifieke kennis en vaardighede vas te lê.

4.4 Om by alle fases leerders aan verskillende tegnieke van assessering of vraagstelling bloot te stel, bv. hoe om meervoudigekeuse-vrae (MK), oop vrae of vryeresponsvrae, kortvrae, ens. te beantwoord.

Waar diagnostiese en formatiewe toetse korter in terme van die aantal vrae kan wees, sal die summatiewe toets heelwat meer vrae insluit, afhangend van die hoeveelheid werk wat reeds teen 'n sekere tyd behandel is. Dit is belangrik om seker te maak dat leerders uiteindelik genoeg oefening kry in die beantwoording van 'n volwaardige toets, soortgelyk aan dié van die Jaarlikse Nasionale Assesseringsmodeltoets.

5. Memorandums of nasienriglyne

'n Tipiese voorbeeld van die verwagte response (nasienriglyne) word by elke voorbeeldtoets en Jaarlikse Nasionale Assesseringsmodeltoets gegee. Onderwysers moet in gedagte hou dat die nasienriglyne geensins rigied is nie. Dit gee slegs breë riglyne ten opsigte van verwagte response en onderwysers moet aanvaarbare moontlikhede ondersoek en ander aanvaarbare response van die leerders aanvaar.

6. Kurrikulumdekking

Dit is van kardinale belang dat die kurrikulum in elke klas ten volle behandel moet word. Die voorbeeldvraestelle vir elke graad en vak verteenwoordig nie die kurrikulum in sy geheel nie. Dit is slegs 'n **voorbeeld** van belangrike kennis en vaardighede en dek die werk wat op die eerste drie kwartale van die skooljaar betrekking het. Die tempo waarteen die werk in sekere skoolkwartale behandel moet word, is vervat in die betrokke Nasionale Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklarings (NKABV).

7. Gevolgtrekking

Die doelwit van die Departement is om die vlak en kwaliteit van leerderprestasie in die kritiese grondslagvaardighede van gesyferdheid en geletterdheid te verbeter. Die Jaarlikse Nasionale Assesseringsmodeltoets is een instrument wat die Departement gebruik om vas te stel of leerderprestasie verbeter. Daar word van distrikte en skole verwag om onderwysers te ondersteun en om die nodige hulpmiddels daar te stel om die effektiwiteit van onderrig en leer in skole te verbeter. Deur van die Jaarlikse Nasionale Assesseringsmodeltoetse as deel van die onderwyshulpmiddels gebruik te maak, sal onderwysers leerders help om vertroud te raak met verskillende style en tegnieke van assessering. Indien die voorbeeldvraestelle behoorlik aangewend word, sal dit help dat leerders die toepaslike kennis opdoen en vaardighede ontwikkel om effektief te leer en om beter te vaar in toekomstige Jaarlikse Nasionale Assesseringstoetse.

Lees die gedig en beantwoord die vrae wat volg:

Seil na die buitenste ruimte

Ek droom ek seil deur die hemelruim,
Op ‘n seiljag van sterre seil dat dit bars.
Met patryspoorte elke kant,
Staar verwonderd en kyk na Mars.

Maste van spinnekopwebbe,
Seil ek op ‘n sagte wolk,
Aarde woerts verby,
Word ek vasgevang in die ruimte kolk.

Sterre voor en sterre agter,
Planete ver en naby,
Seil ek met my jag om ringe
Van Saturnus lekker gly.

Voorwaarts en verby Jupiter,
Sien ek net een groot rooi storm.
Verby al die buite mane,
Deur die asteroïdes moet ek kom.

Droom ek tot in die buitenste ruim,
Miskien vang ek ‘n ster of twee.
Een oomblik seil ek nog,
Toe word ek wakker, o wee !

[Vertaal uit die oorspronklike gedig geskryf deur Gareth Lancaster]

1.1 Omkring die letter met die korrekte antwoord.
Die gedig handel oor ...

A op ‘n ruimtetuig na Mars.

B die planete in die buitenste ruim.

C ‘n toer deur die buitenste ruim.

D op ‘n seiljag van sterre. (1)

1.2 Skryf neer een sin waaroor die gedig handel.

_____ (1)

1.3 Vul ‘n frase in wat die sin voltooi.
Die gedig handel oor ...
_____ (1)

1.4 Onderstreep die regte opsie tussen hakies.
Die gedig handel oor ‘n(ploeg/reis/woerts) deur die hemelruim. (1)

1.5 Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR?
Die gedig handel oor ‘n reis deur die hemelruim.
_____ (1)

2.1 Omkring die korrekte opsie.

Die orkaan op Jupiter het oor die jare veroorsaak dat daar ‘n ___ woed.

A ‘n asteroïede storm

B ‘n groot rooi storm

C planete ver en naby

D seil op ‘n sagte wolk (1)

2.2 Vul die woord in om die sin te voltooi.

Ringe kom voor rondom die planeet _____ (1)

2.3 Verskaf EEN woord uit die gedig wat dieselfde as vinnig beteken.

_____ (1)

2.4 Onderstreep die korrekte opsie tussen hakies:

Die voertuig waarmee jy deur die ruimte reis word ‘n (seiljag/seilskip/ruimteskip) genoem. (1)

2.5 Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR?
Jy kan na die sterre kyk deur patryspoorte in ‘n ruimteskip.

_____ (1)

3.1 Is die volgende stelling reg of verkeerd? Antwoord slegs JA of NEE.

Die digter is ‘n ruimtevaarder.

_____ (1)

3.2 Dink jy ,die digter is werklik ‘n ruimtevaarder? Antwoord JA of NEE en verskaf ‘n rede vir jou antwoord.

_____

_____ (2)

3.3 Watter TWEE planete het die digter eerste verby geseil? Plaas in korrekte volgorde.

_____

_____ (2)

3.4 Stem jy saam of stem jy nie saam met die volgende stelling nie? Gee ‘n rede vir jou antwoord.

Die digter het dit geniet om rondom die planete te seil.

_____

_____ (2)

3.5 Beskryf die ruimtetuig.

_____

_____

_____ (3)

4.1 Omkring die opsie wat NIE KORREK is nie.

Die register wat in die gedig gebruik word is ...

A formeel.

B figuurlik.

C letterlik.

D informeel. (1)

4.2 Sou jy sê dat die digter figuurlike taal gebruik? Verskaf ‘n rede vir jou antwoord.

_____

_____ (2)

4.3 Watter beeldspraak word gebruik in die aanhaling: “Op ‘n seiljag van sterre seil dat dit bars” Gee ‘n rede vir jou antwoord.

_____

_____ (2)

4.4 Onderstreep die korrekte antwoord tussen hakies.

“Op ‘n seiljag van sterre seil dat dit bars” bevat ‘n voorbeeld van (assonansie/alliterasie/metafoor).

_____ (1)

4.5 Dink jy die gebruik van beeldspraak wat in die gedig gebruik word is toepaslik? Verskaf ‘n rede vir jou antwoord.

_____

_____ (2)

5.1 Gebruik die regte voornaamwoord, in die spasie daarvoor gelaat, om die sin te voltooi.

5.1.1 John en Xoliswa was by die skool, maar_____ het nie middagete geëet nie.

5.1.2 Die hondjie het getjank omdat _____ poot seer was. (2)

5.2 Voltooi die volgende sin deur die voegwoord in te vul:

Linda was honger, _____ het niks gehad om te eet nie. (1)

5.3 Skryf die volgende sin oor in die ontkennende vorm.

5.3.1 Die paar kouse is vuil.

_____

5.3.2 Die spanne het gister ‘n oefensessie gehad.

_____ (2)

5.4 Vul die regte werkwoord in om die volgende sinne te voltooi:

5.4.1 Die meisie_____’n broek wat te styf is vir haar.

5.4.2 Ek _____ net een groot rooi storm. (2)

5.5 Gebruik ‘n voorvoegsel om die teenoorgestelde woord te vorm.

5.5.1 ken _____

5.5.2 moontlik _____ (2)

Kyk na die skets van die watersiklus en beantwoord vrae 6 en 7.



6.1 Watter spesifieke siklus word hierbo uitgebeeld?

_____ (1)

6.2 Wat word deur die pyltjies in die skets aangedui?

_____ (1)

6.3 Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR?

Die son is nodig om verdamping te laat plaasvind.

_____ (1)

6.4 Waarom word die proses ‘n siklus genoem?

_____ (1)

6.5 Vul die woord/frase in om die sin te voltooi.

Die skets handel oor ...

_____. (1)

7.1 Waarom is daar meer pyltjies wat op wys as pyltjies wat af wys?

_____ (1)

7.2 Stem jy saam/nie saam met die volgende stelling nie. Verskaf ‘n rede vir jou antwoord.

Die son moet skyn vir verdamping om plaas te vind.

_____

_____ (2)

7.3 Wat dink jy sal gebeur as EEN gedeelte van die siklus verwyder word?

_____ (1)

7.4 Wat sal met die mens gebeur as dit nie reën nie?

_____ (1)

7.5 Wanneer is te veel reën gevaarlik?

_____ (1)

Bestudeer die volgende advertensie en beantwoord die vrae 8 tot 11.

Koop die Perky Parky afstandbeheerde motor. Niemand kan sonder een wees nie. Dit ry op land: vroom, vroom! En op water sploosh – whrrr! Niks kan dit stop nie. Met ‘n Perky Parky kan jy die gewildste kind in die hele wêreld wees! Wow! [Aangepas uit ‘n DBE Werkboek 2]

8.1 Wat word geadverteer?

_____ (1)

8.2 Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR?

Die Perky Parky is ‘n handgedrewe motor

_____ (1)

8.3 Wie sal moontlik hierdie produk gebruik?

_____ (1)

8.4 Skryf EEN feit neer wat in die advertensie voorkom.

_____ (1)

8.5 Verskaf EEN opinie uit die advertensie.

_____ (1)

9.1 Watter beeldspraak word gebruik in Perky Parky?

_____ (1)

9.2 Omkring die korrekte antwoord.

Die uitdrukking: “vroom, sploosh en whrrr!” is ‘n voorbeeld van ...

A personifikasie.

B metafoor.

C assonansie.

D klanknabootsing. (1)

9.3 Waarom dink jy gebruik die adverteerder woorde soos “vroom, sploosh en whrrr!”?

_____ (1)

9.4 Stem jy saam/nie saam met die volgende stelling nie. Gee ‘n rede vir jou antwoord.

Perky Parky motors kan op enige terrein beweeg.

_____ (1)

9.5 Stem jy saam/nie saam nie met die adverteerder se gebruik van die volgende woorde: “Dit ry op land ... dit ry op water”. Verskaf ‘n rede vir jou antwoord.

_____

_____ (2)

10.1 Gebruik die woord “bank” in TWEE verskillende sinne om die verskil in betekenis aan te dui.

_____

_____ (2)

10.2 Voorsien ‘n versamelnaam wat in die advertensie gebruik word vir alle materie en nie-materie.

_____ (1)

10.3 Voorsien ‘n byvoeglike naamwoord uit die advertensie vir “hou baie van”

_____ (1)

10.4 Wat maak die gebruik van die motor maklik?

_____ (1)

10.5 Verskaf ‘n voorbeeld uit die advertensie waar die uitroepteken gebruik word.

_____ (1)

Bestudeer die volgende pamflet en beantwoord VRAAG 11 tot 13.

A B C VIR NOODHULP

A

LUGWEG

- Draai die person se kop sywaarts
- Laat water toe om uit mond te loop
- Draai kop terug
- Buig kop agteroor, lig die ken op



B

ASEMHALING

- Haal die person asem?
- Indien nie, begin mond tot mond asemhaling
- Knyp neus toe
- Plaas doek of plastiek oor mond met gat in
- Blaas in mond
- Hou kop agteroor

C

SIRKULASIE (Voel vir polsslag)

- Indien geen pols plaas druk op bors met beide hande
- Druk vir ongeveer 15 keer, blaas twee keer
- Herhaal tot hulp opdaag



NASIONALE NOODNOMMERS

Polisie	10111	Ambulans	10177	Kinderlyn	0800 055555
Ander nommers					

[Uittreksel uit ‘n DBE Werkboek 1]

11.1 Watter tipe noodgeval word op die pamflet bespreek?

_____ (1)

11.2 Op watter drie hoofareas moet jy fokus wanneer jy noodbystand verleen?

_____

_____

_____ (3)

11.3 Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR?

Nasionale noodnommers kan vanaf enige plek in die land gebel word.

_____ (1)

11.4 Watter ander nommers kan nog op die pamflet bygevoeg word?

_____ (1)

11.5 Wat is die doel van die spesifieke pamflet?

_____ (1)

12.1 Skryf ‘n boekresensie van ongeveer (10) tien sinne gebaseer op ‘n boek wat jy onlangs gelees het. (6)

12.2 Skryf ‘n stel reels neer van ongeveer tien sinne oor hoe jy te werke sal gaan om iemand van verdrinking te red. (6)

12.3 Skryf die stappe puntsgwys neer oor hoe jy te werke sal gaan om roereiers te maak. (6)

12.4 Voltooi die instruksie hoe om iemand van verdrinking te red. Die eerste twee stappe word aan jou voorsien:

- Draai die person se kop sywaarts
- Laat water toe om oor uit mond te loop (13)

13.1 Gebruik die woorde ly en lei in twee verskillende sinne om die verskil in betekenis aan te dui.

13.1.1 _____ (1)

13.1.2 _____ (1)

13.2 Omkring die korrekte antwoord.

Die woorde ly en lei is voorbeelde van ...

A homofone

B homonieme

C sinonieme

D antonieme (1)

13.3 Onderstreep die korrekte woord tussen hakies.

Lebo het ‘n (brein/bruin) rok gekoop wat pas (by/bui) haar skoene. (2)

13.4 Verskaf verkleinwoorde vir elk van die volgende

13.4.1 leeu _____ (1)

13.4.2 perd _____ (1)

13.5 Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR?

Die verkleinwoord vir ‘n koei is ‘n kalf.

_____ (1)

14.1 Skryf die volgende sinne oor in die verlede tyd.

Die man verdrink.

_____ (1)

Dit is ‘n dik boek.

_____ (1)

14.2 Skryf die volgende sinne oor in die toekomende tyd.

Die man is honger.

_____ (1)

Die span is teenwoordig.

_____ (1)

14.3 Skryf die volgende sinne oor in die teenwoordige tyd.

Dit is waar hulle gebly het.

_____ (1)

Hulle was by die winkel.

_____ (1)

14.4 Omkring die korrekte opsie om die sin te voltooi.

Nóg die seuns nóg die meisies (sal/was) afwesig vandag.

_____ (1)

15.1 Voltooi die volgende idiomatiese uitdrukkings:

Hoe meer haas _____ (1)

Bloed is_____ (1)

15.2 Verskaf die betekenis van die idiomatiese uitdrukking.

Soos ‘n vars briesie beteken _____

_____ (1)

15.3 Omkring die korrekte woord wat gebruik word om die idiomatiese uitdrukkking te voltooi:

Sy negatiwiteit rol van my af soos (water/eiers) van ‘n eend se rug. (1)

Die verskrikte hond het gebewe soos ‘n (boom/blaar/riet). (1)

15.4 Gebruik die volgende idiomatiese uitdrukkings in sinne om die betekenis daarvan uit te beeld:

Bewe soos ‘n riet.

_____

_____ (1)

Onder die vergrootglas.

_____

_____ (1)

16.1 Verkort die volgende woorde:

Ek het _____ (1)

Wat is dit? _____ (1)

16.2 Skryf die volgende woorde voluit.

g'n _____

dis _____ (2)

16.3 Vul die afkappingsteken in deur die volgende sinne korrek oor te skryf.

Die boeke is hulle sn. Ek kon gn antwoord daarin kry nie. Ekt alles deur gesoek.

_____

_____ (3)

16.4 Onderstreep die korrekte opsie tussen hakies om die sin te voltooi.

Hulle (konnie/kon nie/konie) die pad herstel nie, want daar (wassie/was sie/was nie/wasnie) genoeg geld nie.

_____ (2)

17.1 Omkring die gepaste hulpwerkwoord uit die opsies om die sinne te voltooi:

Thembi, wie die beste leerder is in haar klas, druip (gewoonlik/dikwels/selde) 'n toets. (1)

Die stout seuns kom(selde/dikwels/nooit) in die moeilikheid. (1)

17.2 Onderstreep die korrekte voornaamwoord.

17.2.1 (Hulle/hul) hou daarvan om vars kos te eet.

17.2.2 Sy sê die boek is (haar/hare).

17.2.3 Pallo sê dit is (hom/sy) boek. (3)

17.3 Voltooi die sin deur ‘n gepaste bysin by te voeg.

As ‘n leerder nie huiswerk doen nie, dan _____

_____ (1)

17.4 Voltooi die sin deur die gepaste voorsetsels in die sin te onderstreep:

Die seun leun (aan/op/teen) die muur (met/vir/om) sy hande in sy sak. (2)

Bestudeer onderstaande skets en beantwoord VRAAG 18 tot 19.



SLEUTEL:

WK	WES-KAAP	**NW**	NOORDWES
NK	NOORD-KAAP	**LIMP**	LIMPOPO
OK	OOS-KAAP	**GAU**	GAUTENG
VS	VRYSTAAT		
KZN	KWAZULU-NATAL		
MP	MPUMALANGA		

18.1 Teken ‘n lyngrafiek op die templaat hieronder om aan te dui hoeveel mense in die verskillende provinsies woon.

12 200 000									
11 200 000									
10 600 000									
9 900 000									
8 800 000									
7 700 000									
6 600 000									
5 200 000									
3 600 000									
3 200 000									
2 800 000									
1 100 000									
	WK	OK	KZN	MP	LIMP	GAU	NW	VS	NK

(9)

18.2 Teken ‘n sirkelsektorgrafiek op die templaat hieronder om aan te dui hoeveel mense WOON in WK, GAU, NK, LIMP.



(4)

18.3 Teken ‘n balkgrafiek op die templaat hieronder om aan te dui hoeveel mense in die verskillende provinsies woon.

12 200 000									
11 200 000									
10 600 000									
9 900 000									
8 800 000									
7 700 000									
6 600 000									
5 200 000									
3 600 000									
3 200 000									
2 800 000									
1 100 000									
	WK	OK	KZN	MP	LIMP	GAU	NW	VS	NK

(9)

18.4 Teken ‘n kolomgrafiek op die templaat hieronder om aan te dui hoeveel mense in die verskillende provinsies woon.

12 200 000									
11 200 000									
10 600 000									
9 900 000									
8 800 000									
7 700 000									
6 600 000									
5 200 000									
3 600 000									
3 200 000									
2 800 000									
1 100 000									
	WK	OK	KZN	MP	LIMP	GAU	NW	VS	NK

(9)

18.5 Teken ‘n gebrokelyngrafiek op die templaat hieronder om aan te dui hoeveel mense in die verskillende provinsies woon.

12 200 000									
11 200 000									
10 600 000									
9 900 000									
8 800 000									
7 700 000									
6 600 000									
5 200 000									
3 600 000									
3 200 000									
2 800 000									
1 100 000									
	WK	OK	KZN	MP	LIMP	GAU	NW	VS	NK

(9)

19.1 Hoeveel provinsies is daar op die kaart? _____ (1)

19.2 Watter provinsie het die meeste inwoners? _____ (1)

19.3 Watter provinsie het die minste inwoners? _____ (1)

19.4 Watter provinsies het meer as 3 grense ander provinsies?

_____ (3)

19.5 Watter provinsies het kulslyne?

_____ (4)

20.1 “Alkohol advertensies”moet verban word. STEM JY SAAM/STEM NIE SAAM met die stelling NIE. Skryf twee paragrawe om jou argument te staaf. (6)

20.2 “Alkohol advertensies”moet verban word. STEM JY SAAM/STEM NIE SAAM met die stelling NIE. Skryf slegs ‘n slot om jou argument te staaf. (6)

20.3 “Alkohol advertensies”moet verban word. STEM JY SAAM/STEM NIE SAAM met die stelling NIE. Skryf ‘n inleiding om jou argument te staaf. (6)

20.4 “Alkohol advertensies”moet verban word. STEM JY SAAM/STEM NIE SAAM met die stelling NIE. Skryf ‘drie paragrawe om jou argument te staaf. (6)

20.5 “Alkohol advertensies”moet verban word. STEM JY SAAM/STEM NIE SAAM met die stelling NIE. Skryf drie paragrawe om jou argument te lug. (6)